



## Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

### VERTRAAGDE OPNAME

Dit word dikwels aangeneem dat sistemiese onkruidodder spuitdruppels veilig is nadat dit die onkruidblaar bereik het. Die opnameproses in die onkruid begin egter dan eers. Dit is dikwels 'n tydsame proses wat ure kan neem om voltooi te word. Dit is belangrik dat die toestand van die spuitdruppelneerslag gunstig is vir die opname van die aktiewe bestanddeel. Daar is ongelukkig dikwels faktore wat opname vertraag en die tydperk wat die aktiewe bestanddeel op die blaaroppervlak blootgestel is, verleng. Hierdie faktore sluit antagonistiese tenkmengsels, verkeerde byvoegmiddel keuse, swak waterkwaliteit en omgewingstoestande in. Dit kan tot swak onkruidbeheer of selfs gewasskade lei. Dit is belangrik om die korrekte byvoegmiddel te gebruik en om van antagonistiese tenkmengsels weg te bly om hierdie probleem te vermy. Die invloed van vertraagde opname word onder in meer detail bespreek.

#### Swak effektiwiteit

Die faktore hierbo genoem kan tot verminderde of vertraagde opname bydra. Vertraagde opname word dikwels deur ongeregisteerde toedienings veroorsaak. Dit sluit in die toediening van die onkruidodder met die verkeerde byvoegmiddel of die totale weglating van die etiketaanbevole byvoegmiddel. Dit word ook deur ongeregisteerde tenkmengsels met ander gewasbeskermingsprodukte, blaarvoeding of kunsmisstowwe veroorsaak. Dit kan vertraagde opname veroorsaak wat die onkruidodder onbeskermd op die blaaroppervlak laat, wat dit dan aan ongunstige omgewingstoestande blootstel. Hierdie toestande sluit onder andere lae humiditeit en foto-afbraak in. Hoe langer dit vir 'n onkruidodder neem om opgeneem te word, hoe langer sal dit aan hierdie toestande blootgestel word. Dit word dan deur hierdie omgewingstoestande afgebreek en die opname van die aktiewe bestanddeel word verminder. Dit lei dan tot swak effektiwiteit en onkruidbeheer.

Vertraagde opname kan verhoed word deur die korrekte byvoegmiddel te gebruik en om ongeregisteerde en antagonistiese tenkmengsels te vermy.

#### Gewasskade

Vertraagde opname word gewoonlik met swak effektiwiteit geassosieer maar in sekere gevalle mag dit selfs tot fitotoksiteit lei. Sistemiese onkruidodders het 'n opname tydsduur. Wanneer hierdie tydsduur drasties verleng word, lê die onkruidodder op die gewasblaaroppervlak waar dit skroei veroorsaak. Dit is dikwels 'n atipiese simptome van die onkruidodder, maar dit word deur spuitdruppel neerslae wat nie vinnig genoeg opgeneem word nie, veroorsaak. Dit is verstommend dat die faktore wat tot hierdie simptome bydra presies dieselfde is as die vir swak effektiwiteit. Sistemiese onkruidodders moet in genoegsame hoeveelhede opgeneem word om effektief te wees. Indien dit nie gebeur nie, kan dit swak effektiwiteit tot gevolg hê of gewasskade veroorsaak. Bly dus by etiketaanbevelings rakende waterkwaliteit, byvoegmiddels, tenkmengsels en omgewingstoestande.

#### Villa se mening

Villa poog om alle onkruidodders met die korrekte byvoegmiddels en tenkmengsels te registreer. Dit word gedoen om beide die effektiwiteit te optimaliseer sowel as om die kans op gewasskade te verminder. Dit is onmoontlik om presies te voorspel wat sal gebeur indien hierdie etiketaanbevelings, veral onder swak omgewingstoestande, geïgnoreer word. Dit is daarom van kardinale belang om by etiketaanbevelings rakende al hierdie faktore te hou. Indien dit nie gedoen word nie, loop jy die risiko van vertraagde of verminderde opname met die ongewenste newe-effekte van oneffektiwiteit of gewasskade.

[Kontak gerus Brian de Villiers vir inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za](mailto:bdevilliers@villacrop.co.za)